
# VONKK 229
# Wysheid Begin Met Die Dien Van Die Heer

𝅗𝅥 = 72

Orrelbegeleiding




1. *Spreuke 4:4* 2. *Spreuke 2:1-5* 3. *Spreuke 3:3-4* 4. *Spreuke 3:5,7*









** "my seun" kan met "my kind" vervang word*

5 *(Spreuke 3:8)*
Dien en vereer God met als wat jy het,
gee van jou beste vir Hom.
My seun*, so sal jy God se goedheid ervaar;
sal jy sy guns ondervind.

6 *(Spreuke 4:23)*
Waak oor jou hart en wat als daarin leef.
Dit gaan jou lewe bepaal.
My seun*, dink tog mooi oor wat jy als begeer.
Dít gaan jou lewe beheer.

7 *(Spreuke 15:1)*
Woorde wat sag is laat woede bedaar,
krenkende woorde maak kwaad.
Kies dan versigtig jou woorde, my kind;
dink tog eers mooi voor jy praat.

8 *(Spreuke 16:3)*
Raadpleeg die Here in als wat jy doen,
hou by sy raadsplan vir jou.
Hy sal jou voornemens so laat geluk
en jou sy vrede laat smaak.

9 *(Spreuke 23:4)*
Moet jou nie afsloof om ryk te wil wees;
rykdom kan so gou verdwyn.
Moet nooit jou sin vir wat reg is verloor;
moet nooit dat geld jou beheer.

10 *(Spreuke 20:1; 23:29-35)*
Wyn maak 'n mens tog so dapper en slim,
drank laat jou slinger en val.
My seun*, wees versigtig wat drank aan jou doen.
Dit kan jou lewe verwoes.

11 *(Spreuke 22:1 en 3)*
Let op jou naam, dit is so baie werd –
veel meer as rykdom en roem.
Aan hul wat God dien en wat nederig leef,
gee God sy goedheid en guns.

12 *(Spreuke 28:13)*
Hy wat sy sonde vir God weg wil steek,
hy sal niks goeds kan verwag.
Maar dié wat hul sonde bely en laat staan,
sal Sy genade ontvang.

13 *(Spreuke 29:23 en 22:2)*
Hoogmoed en trots kan jou bring tot 'n val;
need'righeid gee vir jou eer.
Voor God, die Heer, is ons almal gelyk.
Hy het ons almal gemaak.

14 *(Spreuke 9:10, 4:9)*
Wysheid begin met die dien van die Heer.
Dit het meer waarde as goud.
Hou vas aan dít wat die Here jou leer.
Dit sal jou lewe versier.

*Uit die Spreuke van Salomo*
Teks: Jacques Louw 2012 ©
Musiek: VIR FRANCOIS – Jacques Louw 2012 ©
Kantoryverwerking: Jacques Louw 2012 ©
Musikale verryking: Gerrit Jordaan 2012
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Meditatief – Onderwysing / Bevestiging van Ampsdraers / Aflegging van Geloofsbelydenis / Kindwees**

VONKK